Provinsie van die
OOS-KAAP
ONDERWYS

Steve Vukile Tshwete Onderwyskompleks • Sone 6 Zwelitsha 5608 • Privaatsak X0032 • Bhisho 5605
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## HOOFDIREKTORAAT – KURRIKULUMBESTUUR

# GRAAD 12 LEERDER ONDERSTEUNINGSPROGRAM

## HERSIENING EN REMEDIËRENDE ONDERRIG INSTRUMENT: ANTWOORDE

## VAK: MUSIEK – EERSTE VRAESTEL (BEGRIPSTOETS)

**Junie 2009**

**Hierdie dokument bestaan uit 39 bladsye.**

***Streng gesproke nie vir toets/eksamen doeleindes nie.***

## AFDELING A: MUSIEKTEORIE

### VRAAG 1

Bestudeer die Trio uit die laaste gedeelte van J.S. Bach se *Brandenburg Konsert no. 1*, en beantwoord die vrae wat volg.



1.1 Identifiseer die interval gemerk 1.1.1 tot 1.1.3.

**Antwoord:**

1.1.1 Saamgestelde mineur 3de / mineur10de ✓ (1)

1.1.2 Mineur 6de ✓ (1)

1.1.3 Volmaakte 4de ✓ (1)

1.2 Herskryf mate 4 en 5 van die fagot deel op dieselfde toonhoogte in die tenoorsleutel.

**Rubriek** - ½ vir elke fout. (Bv. sleutel, toonsoortteken, note, steeltjies)



(2)

1.3 Skryf die solfa ekwivalent van maat 20 vir die oboe 1 en 2 dele.

**Rubriek** - ½ punt vir elke fout. (toonhoogte en ritme)

Oboe 1 {r : - . d,r : m} ✓ (1)
Oboe 2 {d' : t . l : t} ✓ (1)

1.4 Jou ensemble moet hierdie musiekstuk opvoer by 'n invloedryke fondsinamelingsaand, maar jou 1ste oboe speler het die dag vantevore haar hand gebreek. Gelukkig kon jy 'n gewillige klarinetspeler kry wat kon instaan vir haar, op voorwaarde dat die musiek getransponeer moet word in die regte sleutel vir 'n b-mol klarinet. Transponeer mate 5 – 7 vir die 1ste oboe sodat dit op konsertstemming sal klink wanneer dit deur die klarinet gespeel word.

**Rubriek**

| Beskrywing | Leerder se punt | Maksimum punt |
|---|---|---|
| Korrekte toonsoortteken | | 1 punt |
| Foute (note, ritme, steeltjies) | | - ½ Maksimum van 4 foute) |



(3)
**[10]**

## VRAAG 2

2.1 Bestudeer die uittreksel uit Haydn se *Klavier Sonata in D, Hob XVI:37*, en identifiseer die komposisietegnieke gemerk by A en B.




**Antwoord:**

| | | |
|---|---|---|
| A | Sekwens ✓ | (1) |
| B | Repetisie ✓ | (1) |

2.2.1 Bestudeer die uittreksel uit J. S. Bach se *Korale, BWV 40/8* en identifiseer die komposisietegniek by C.




**Antwoord:**

| | | |
|---|---|---|
| C | Antisipasie ✓ | (1) |

2.2.2 Bestudeer die uittreksel uit J. S. Bach se *Korale, BWV 184/5* en identifiseer die komposisietegniek by D.




**Antwoord:**

D Terughouding/Vertraging ✓ (1)

**[4]**

**VRAAG 3**

Bestudeer die uittreksel uit J. S. Bach's *Korale, BWV 269*, en volg die instruksies.

- Besyfer die akkoorde gemerk A en B
- Identifiseer die kadense gemerk C en D.




**Antwoord:**

| | | |
|---|---|---|
| A | vi ✓ | (1) |
| B | $I^6$ ✓ | (1) |
| C | Onvolmaak ✓ | (1) |
| D | Volmaak ✓ | (1) |

**[4]**

**VRAAG 4**

4.1 Skryf die volgende drieklanke sonder toonsoorttekens.

4.1.1 D Majeur: IV 6/4

**Rubriek**

| **Beskrywing** | **Leerder se punt** | **Maksimum punte** |
|---|---|---|
| Korrekte note | | 1 punt |
| Foute (Toevallige tekens uitgelaat) | | - ½ (maksimum foute) |



(3)

4.1.2 C mineur: III+

**Rubriek**

| **Beskrywing** | **Leerder se punt** | **Maksimum punte** |
|---|---|---|
| Korrekte note | | 1 punt |
| Foute (Toevallige tekens uitgelaat) | | - ½ (maksimum foute) |



(3)

4.2 Skryf die volgende toonleer.

Heeltoon toonleer wat op A begin, dalend, in eenvoudige 3-slagmaat. Voeg die nodige skuiftekens by.

**Rubriek**

| **Beskrywing** | **Leerder se punt** | **Punte toekenning** |
|---|---|---|
| Korrekte tydmaatteken | | 1 |
| Korrekte groepering volgens tydmaatteken | | 1 |
| Korrekte beginnoot | | 1 |
| Korrekte toevallige tekens | | 1 |
| **TOTAAL** | | **4** |

**Antwoord:**



4.3 Identifiseer die volgende toonlere.



4.3.1 E Harmoniese Mineur ✓ (1)



4.3.2 Blues toonleer op F kruis ✓ (1)



4.3.3 Doriese toonleer op E mol majeur ✓ (1)



4.3.4 Chromatiese toonleer✓ (1)

**[14]**

**VRAAG 5**

Antwoord of VRAAG 5.1 of VRAAG 5.2.

5.1 Skryf 'n 12-maat melodie en sluit die volgende in:

- Drie-ledige vorm
- D mineur toonsoortteken
- Maak gebruik van enige TWEE van die volgende ritmiese motiewe
- Gebruik 'n enkelvoudige vierslagmaatteken



***OF***




***OF***




Dui aan jou instrument keuse en voeg by gepaste dinamiek, frasering sowel as artikulasietekens. Volg die onderstaande rubriek as 'n gids.

**Instrument:** ______________________________________________

| **Beskrywing** | **Leerder se punt** | **Punte toekenning** |
|---|---|---|
| Keuse van instrument | | ½ |
| Korrekte gebruik van tydmaatteken | | ½ |
| Korrekte gebruik van ritmiese motiewe | | 1 |
| Korrekte gebruik van toonsoortteken | | ½ |
| Uitvoeringsinterpretasie | | ½ |
| Vorm (½ punt per A B A') | | 1½ |
| Kadense (½ punt per korrekte kadens) | | 1½ |
| Grammatika en Melodie | | 6 |
| **TOTALE PUNT** | | **12** |

**Antwoord:** Sien onderstaande grammatika en melodie rubriek.

| % | ONVERWERKTE PUNT | BESKRYWING VAN PUNTETOEKENNING VIR GRAMMATIKA |
|---|---|---|
| 100 | 6 | Uitstekende gebruik van openingsmotief met verbeeldingryke gebruik van komposisionele tegnieke soos sekwense, omkerings ens. Demonstreer begrip van vorm met repetisie van die openingsmotief. Melodie het 'n goeie melodiese kurwe met 'n duidelike klimaks. Duidelik gepas vir die keuse van stem of instrument. |
| 83 | 5 | Goeie gebruik van openingsmotief met gebruik van sekwens en/of omkerings ens. Demonstreer begrip van vorm met herhaling van die openingsmotief. Melodie het 'n goeie melodiese kurwe met 'n duidelike klimaks. Redelik goed gepas vir die keuse van stem of instrument. |
| 67 | 4 | Redelik goeie gebruik van openingsmotief, maar nie veel komposisionele tegnieke soos sekwense is gebruik nie. Demonstreer begrip van vorm met repetisie van die openingsmotief. Melodie demonstreer goeie melodiese kurwe en klimaks. Toepaslik tot die keuse van stem of instrument. |
| 50 | 3 | Maak gebruik van die openingsmotief, maar nie altyd logies nie. Demonstreer begrip van vorm met repetisie van die openingsmotief. Melodie het 'n soort kurwe maar die klimakspunt is 'n bietjie onduidelik. Nie eintlik toepaslik tot die keuse van stem of instrument nie. |
| 33 | 2 | Alhoewel daar gebruik gemaak is van die openingsmotief is daar word dit nie logies ontwikkel nie. Die melodie het 'n kurwe maar die klimakspunt is oneffektief. Daar is baie min begrip van vorm en die melodie is nie geskik vir die keuse van stem of instrument nie. |
| 17 | 1 | Alhoewel die melodie voltooi is, is daar geen logiese ontwikkeling van die openingsmotief nie. Die melodie het geen klimaks of logiese struktuur nie. Daar is min of geen begrip van vorm. |

**OF**

5.2 Voltooi die gegewe openingsmotief om ŉ 12-maatmelodie te vorm, wat uit drie 4-maat frases bestaan.

Jou melodie moet die volgende insluit:

- Gepaste ritmiese en/of melodiese komposisietegnieke (bv. nabootsing, repetisie en sekwens)
- Dui jou keuse instrument aan in die gepaste spasie hieronder
- Voeg fraserings, uitvoeringsinterpretasie en gepaste tempo indikasie by
- Kadense

Volg die onderstaande rubriek as ŉ gids.

**Instrument:**

______________________________________________




(12)

| Beskrywing | Leerder se punt | Punte toekenning |
|---|---|---|
| Keuse van instrument | | ½ |
| Ritmiese en/of melodiese komposisie-tegnieke | | 2 |
| Uitvoeringsinterpretasietekens | | ½ |
| Vorm | | 1½ |
| Kadense (½ punt per korrekte kadense) | | 1½ |
| Grammatika en Melodie (Sien rubriek op bl. 11) | | 6 |
| **TOTALE PUNT** | | **12** |

**[12]**

**Antwoord:** Sien grammatika en Melodie rubriek.

| % | ONVERWERKTE PUNT | BESKRYWING VAN PUNTETOEKENNING VIR GRAMMATIKA |
|---|---|---|
| 100 | 6 | Uitstekende gebruik van openingsmotief met verbeeldingryke gebruik van komposisionele tegnieke soos sekwense, omkerings ens. Demonstreer begrip van vorm met repetisie van die openingsmotief. Melodie het 'n goeie melodiese kurwe met 'n duidelike klimaks. Duidelik gepas vir die keuse van stem of instrument. |
| 83 | 5 | Goeie gebruik van openingsmotief met gebruik van sekwens en/of omkerings ens. Demonstreer begrip van vorm met herhaling van die openingsmotief. Melodie het 'n goeie melodiese kurwe met 'n duidelike klimaks. Redelik goed gepas vir die keuse van stem of instrument. |
| 67 | 4 | Redelik goeie gebruik van openingsmotief, maar nie veel komposisionele tegnieke soos sekwense is gebruik nie. Demonstreer begrip van vorm met repetisie van die openingsmotief. Melodie demonstreer goeie melodiese kurwe en klimaks. Toepaslik tot die keuse van stem of instrument. |
| 50 | 3 | Maak gebruik van die openingsmotief, maar nie altyd logies nie. Demonstreer begrip van vorm met repetisie van die openingsmotief. Melodie het 'n soort kurwe maar die klimakspunt is 'n bietjie onduidelik. Nie eintlik toepaslik tot die keuse van stem of instrument nie. |
| 33 | 2 | Alhoewel daar gebruik gemaak is van die openingsmotief is daar word dit nie logies ontwikkel nie. Die melodie het 'n kurwe maar die klimakspunt is oneffektief. Daar is baie min begrip van vorm en die melodie is nie geskik vir die keuse van stem of instrument nie. |
| 17 | 1 | Alhoewel die melodie voltooi is, is daar geen logiese ontwikkeling van die openingsmotief nie. Die melodie het geen klimaks of logiese struktuur nie. Daar is min of geen begrip van vorm. |

**VRAAG 6**

Antwoord of VRAAG 6.1 of VRAAG 6.2.

6.1 Harmoniseer die volgende 4 stemmige melodie.

Gebruik die volgende:

- Tweede omkering (6/4) progressie (minimum EEN)
- 'n vii°6 akkoord op 'n geskikte plek
- Deurgangs-of hulpnote (Nie in die soprano stem nie.)
- Kadensiële 6/4 progressie waar die akkoorde ingeskryf is.

Dui die akkoord besyfering onderaan die notebalk.

**Antwoord: LET OP DAT DIE VOLGENDE IS SLEGS 'n MOONTLIKE ANTWOORD.**



**Rubriek**

| **BESKRYWING** | **LEERDER SE PUNT** | **PUNTE TOEKENNING** |
|---|---|---|
| Korrekte gebruik van 2de omkering progressies. | | 2 |
| Korrekte gebruik van vii°6 akkoord. | | 1 |
| Korrekte gebruik van deurgangs-of hulpnote. | | 1 |
| Korrekte gebruik van note by kadensiële 6/4 progressies. | | 1 |
| Korrekte gebruik van kadense by 1ste frase einde. | | 1 |
| Insluiting van akkoord figurasie. | | 1 |
| Grammatika bv. Korrekte skrywe van note, korrekte spasiëring tussen stemme, korrekte skrywe van steeltjies.<br>Bereken op %:<br>-0 vir min of geen foute<br>-1 vir 3de foute<br>-2 vir 2/3 van foute<br>-3 vir baie foute | | 3 |
| Algemene indruk bv. Gebruik en toepassing van akkoorde, omkerings, progressies en stemleiding. | | 6 |
| **TOTALE PUNT** | | **16** |

**OF**

6.2. Studeer die volgende baslyn en harmoniseer die volgende 8 mate soos aangedui in die eerste maat:

- Noteer EEN of TWEE akkoorde per maat in boonste maat en volg die voorbeeld in maat 1.
- Dui die akkoord simbole aan bokant die notebalk.
- Gebruik enige harmoniese hulpmiddel waarmee jy bekend is. Die gebruik van gevorderde harmonieë sal in jou guns tel.
- Voeg by TWEE deurgangsnote (merk dit 'A' en 'B') in die baslyn.

**Antwoord:**




**Rubriek**

| BESKRYWING | LEERDER SE PUNT | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|---|
| Korrekte gebruik van 2de omkering progressies. | | 2 |
| Korrekte gebruik van vii°6 akkoord. | | 1 |
| Korrekte gebruik van deurgangs- of hulpnote. | | 1 |
| Korrekte gebruik van note by kadensiële 6/4 progressies. | | 1 |
| Korrekte gebruik van kadense by 1ste frase einde. | | 1 |
| Insluiting van akkoord figurasie. | | 1 |
| Grammatika bv. korrekte skrywe van note, korrekte spasiëring tussen stemme, korrekte skrywe van steeltjies.<br>Bereken op %:<br>-0 vir min of geen foute<br>-1 vir 3de foute<br>-2 vir 2/3 van foute<br>-3 vir baie foute | | 3 |
| Algemene indruk bv.<br>Gebruik en toepassing van akkoorde, omkerings, progressies en stemleiding. | | 6 |
| **TOTALE PUNT** | | **16** |

**[16]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B

## VRAAG 7

Jy het die 4de beweging van Brahms se *4de Simfonie* bestudeer. Beantwoord die vrae wat volg.

7.1 Gee 'n definisie vir die term Simfonie.

**'n Groot werk vir simfonie orkes (✓) met drie of vier bewegings (✓) in die orde vinnig – stadig − (minuet en trio) – vinnig (✓).** (3)

7.2 In watter toonaard is hierdie 4de beweging?

**e mineur ✓** (1)

7.3 Die 4de beweging is gemerk ***Allegro energico e passionato***. Gee die betekenis van hierdie musiekterme.

**Vinnig ✓, energiek ✓ en met passie. ✓** (3)

7.4 Die tema en variasie vorm van die 4de beweging is soortgelyk aan 'n musiekvorm in die Barok periode. Gee die naam van hierdie vorm.

**Passacaglia ✓** (1)

7.5 Uit hoeveel variasies bestaan die 4de beweging?

**30 Variasies ✓** (1)

7.6 Beskryf waar die tema gehoor word in die volgende variasies met betrekking tot registers.

7.6.1 Variasie 1 – 3

**Middel en hoë registers. ✓** (1)

7.6.2 Variasie 4 – 11

**Melodie in bas, met ander melodieë in boonste registers. ✓** (1)

7.6.3 Variasie 12 – einde

**Tema kom voor in enige register. ✓** (1)

**[12]**

## VRAAG 8

Jy het EEN van die volgende Romantiese komposisies bestudeer.

8.1 *Polonaise in A flat major, Op. 53*

8.2 *Der Erlkönig*

8.3 *La Bohème*

8.4 *Violin Concerto in e minor (First movement)*

8.5 *The Moldau*

Noem die genre van jou komposisie en lys VIER relevante karaktertrekke van jou gekose komposisie.

8.1 **Polonaise in A flat major, Op. 53**

Genre: **Karakterstuk** ✓ (1)

Karaktertrekke:

- Gekomponeer in die Romantiese tydperk.
- Van Poolse oorsprong.
- Gekomponeer vir solo instrument wat 'n spesifieke atmosfeer kommunikeer.
- Polonaise is in drie tydmaat.
- Maak gebruik van drie-ledige vorm met 'n kort koda.
- Vereis hoë tegniese vaardigheid en kontrole van die pianiste.
- Vinnige tempo.
- Vinnige lopies.
- Kragtige en majestueuse werk.
- Statige en prosessionele dans. **(Enige 4)** (4)

8.2 **Der Erlkönig**

Genre: **8.2 Kunslied** (1)

Karaktertrekke:

- Voorbeeld van vroeë Romantiese musiek.
- Deur gekomponeerde sang.
- Duitse teks (gedig deur Goethe).
- Klavier en stem vorm integrale deel van mekaar.
- Klavierbegeleiding dra intens by tot die karakter van die lied.
- Storie oor vader te perd deur 'n storm met siek kind in sy arms. Kind sterf voor hy tuis aankom.
- Klavier gedeelte met versnellende oktawe, versnellende triolol ritmes. Bas motief suggereer die perderit. **(Enige 4)**

(4)

8.3 ***La Bohème***

Genre: **Opera ✓** (1)

Karaktertrekke

- Gekomponeer in die Romantiese tydperk.
- Storie ontvou d.m.v. sang, dekor, kostuums en beweging.
- Vind plaas in die Latynse gedeelte van Parys rondom 1830.
- Hoofkarakters is Rudolfo en Mimi.
- Alledaagse lewensstorie vir gewone mense.
- Storie oor Boheemse leefstyle gesien deur romantiese beelde.
- Drama begelei deur 'n orkes.
- Verdeel in 4 tonele.
- Pragtige en sensuele melodieë.
- Musiek van 'n improvisatoriese aard.
- Instrumentasie dra by tot die emosies en handelinge. **(Enige 4)** (4)

8.4 ***Violin Konsert in e minor (Eerste beweging)*** (1)

Genre: **Concerto** ✓

Karaktertrekke:

- Gekomponeer in die Romantiese tydperk.
- Werk vir simfonie orkes en solo viool.
- Bestaan uit drie gedeeltes.
- Eerste gedeelte in sonata vorm.
- Voordraer het die geleentheid om tegniese vaardigheid sowel as musiektalent ten toon te stel.
- Eerste beweging begin met solis wat die 1ste tema wat gehoor kan word bo oor die murmelende strykers.
- Hierdie buitengewone gebruik van die instrumente skep ŉ baie intieme delikate klank.
- Kadensa is uitgeskryf.
- ŉ Ander verskil wat deur Mendelssohn gedemonstreer word is dat die kadensa slegs aan die einde van die beweging voorkom en a.g.v. dit word die kadensa deel van die werk. Dit word dus nie net gebruik om die uitvoerder se tegniese vaardigheid te demonstreer nie!

**(Enige 4)** (4)

8.5 ***Die Moldau***

Genre**: Simfoniese Toondig** ✓ (1)

Karaktertrekke:

- Gekomponeer in die Romantiese tydperk.
- Orkestrale komposisie wat ŉ spesifieke storie, prentjie of idée uitbeeld d.m.v. musikale klank.
- *Die Moldau* was geïnspireer deur die komponis se siening van die Boheemse landskap.
- Deel van die *Má Vlast* siklus (My Country).
- Romantiese voorstelling van die natuur.
- Beeld Tsjeggiese nasionalisme uit.
- Kontrasterende musikale seksies wat verskillende landskappe en episodes uitbeeld.
- Herhalende/terugkerende volkstema wat die vloei van die rivier simboliseer.
- Vinnige hardlopende note wat die rivier uitbeeld. **(Enige 4)**

(4)
**[5]**

**VRAAG 9**

Antwoord BEIDE VRAAG 9.1 en 9.2

9.1 Vergelyk enige TWEE van die volgende Jazz style:

9.1.1 Ragtime

9.1.2 Bebop

9.1.3 Swing

9.1.4 Blues

Sluit in tempo en ritme; melodie en vorm; en instrumentasie in jou vergelykende notas.

**Antwoord:** **Sien keuse en vergelyk antwoorde.**
(Gekose Jazz style)

**Ragtime** **Tempo en ritme**. **(Enige 1)**
- Musiek algemeen in tweeslagmaat.
- Uitgevoer teen 'n matige mars tempo.
- Gesinkopeerde ritme in die regterhand.

**Melodie en vorm**: **(Enige 1)**
- Bestaan uit verskeie melodieë met dieselfde karakter.
- Vorm = AA BB A CC DD.
- Gesinkopeerde melodie in die regterhand.

**Instrumentasie**: **(1)**
- Klavier (3)

**Bebop** **Tempo en ritme: (Enige 1)**
- Uiterste vinnige maatslag.
- Pizzicato bas en geryde simbale is die merkteken van hierdie vinnige maatslag.
- Dromslaner verskaf onreëlmatige aksente. ("bombs").

**Melodie en vorm: (Enige 1)**
- Komplekse harmonieë.
- Moeilike melodieë.
- Begin en eindig met die bekendstelling van die hooftema deur een solis.
- Ander gedeeltes word opgemaak deur solo improvisasie.
-

**Instrumentasie: (Enige 1)**
- Groep (4 – 6 spelers),
- Wat moontlik ʼn saksofoon en ʼn trompet insluit.
- Word ondersteun deur ʼn ritmeseksie van klavier, bas en perkussie.

(3)

**Swing** **Tempo en ritme: (Enige 1)**
- Bastrom hou die polsslag.
- Terwyl die perkussiespeler die tweede en vierde slag aksentueer.

**Melodie en vorm: (Enige 1)**
- Swing melodieë word dikwels deur die hele seksie uitgevoer eenstemmig of in harmonie.
- Solo improvisasies met beperkte lengte.

**Instrumentasie: (Enige 1)**
- Groep wat bestaan uit:
- 14 – 15 musikante gegroepeer in drie seksies.
  - Groep 1 = 3 – 5 Saksofone, somtyds met klarinet.
  - Groep 2 = 3 – 4 Trompette en trombone;
  - Groep 3 = Klavier, perkussie, kitaar en basviool. (3)

**Blues** **Tempo en ritme: (Enige 1)**
- Amper altyd in viertydmaat.

**Melodie en vorm: (Enige 1)**
- Musiek uitgewerk volgens ʼn harmoniese raamwerk gewoonlik 12 mate in lengte.
- Patrone behels slegs drie basiese akkoorde (Tonikum, Sub Dominant en Dominant).
- Verdeel in drie fases (AAB struktuur)
- Elke frase het vier mate.

**Instrumentasie: (Enige 1)**
- Soliste sing twee mate van elke frase. (Daar is drie frases)
- Die oorgeblewe gedeelte van die frase word gevul met instrumentaliste.

(3)

9.2 Antwoord die volgende meervoudigekeuse-vrae oor Afrika Jazz. Omring die korrekte antwoord.

9.2.1 Voltooi die volgende sinsnede:

Jazz in Afrika het ’n soortgelyke oorsprong soos in ...

A Groot Brittanje.

B Kuba.

C **Amerika.✓**

D Brasilië. (1)

9.2.2 Die eerste jazz opname *(‘The Original New Orleans Dixieland Band’)* was ook vrygestel in Suid-Afrika. Wanneer was dit vrygestel?

A 1915

B **1917 ✓**

C 1921

D 1971 (1)

9.2.3 Dui aan watter EEN van die volgende was een van die eerste jazz musikante in Suid-Afrika?

A **William Mbali’s Big Four ✓**

B Count Basie Orkes

C Alexandria Jazz orkes

D Duke Ellington (1)

9.2.4 Kies die een wat Marabi musiek die beste beskryf.

A Gekomponeerde melodie.

B Mengsel van Ragtime en Bebop.

C **Mengsel van Dixieland en Ragtime. ✓**

D Die akkoorde word deur ’n kitaar gespeel. (1)

9.2.5 Kies die een wat Mbaqanga musiek die beste beskryf.

A Mengsel van Xhosa musiek met 'n Afrika-Amerikaanse styl.

B **Baie sterk bas wat musiek vorentoe beweeg. ✓**

C Sluit elemente van Kwela in.

D Sluit die Marabi sangtradisie in. (1)

9.2.6 Kies die een wat die Afrika stompdans die beste beskryf.

A Zulu dansstyl met herhalende Mbaqanga en Swing elemente.

B **Zulu dansstyl met herhalende Marabi en Swing elemente. ✓**

C Zulu dansstyl met herhalende Marabi en Bebop elemente.

D Zulu dansstyl met herhalende Marabi en Blues elemente. (1)

9.2.7 Dui een van die mees bekendste jazz musikante van Suid-Afrika aan.

A Mandoza

B Mike Oldfield

C Nataniël

D **Abdullah Ibrahim ✓** (1)

**[13]**

**VRAAG 10**

Jy het EEN van die volgende style gestudeer. Spesifiseer die een wat jy gestudeer het en skryf programnotas oor die styl en die verteenwoordigende werk.

10.1 Styl (2)

10.2 Werk(e) (3)

- Impressionisme: Debussy – *Voiles, uit Prelude Boek 1*
- Neo- Klassisme: Stravinsky – *The rite of Spring*
- Musikale Teater: *My Fair Lady, West Side Story, Phantom of the Opera*

**Antwoord: Impressionisme: Debussy – *Voiles, uit Prelude Boek***

10.1 Programnotas oor die styl.

Musiek wat vlugtige emosies en mistieke atmosfeer oproep.
Geïnspireer deur literêre en skilderagtige idees.
Meeste komponiste het beskrywende titels.
Musiek klink vry en spontaan – amper geïmproviseerd.
Klem op toonkleur en atmosfeer.
Vloeibaarheid is kenmerkend van Impressionistiese musiek.
Debussy verswak die tonaliteit deur nie die toonsoort te bevestig nie.
**(Enige 2)** (2)

10.2 Programnotas oor die werk of werke.

- Geskryf vir klavier.
- Eksploiteer die onduidelike en vae tonale kwaliteit van die heel- toonleer om die sagte skommeling van suile in die wind op te roep.
- Getemperde/onderdrukte dinamika.
- Matige tempo.
- Bestaan uit drie dele.
- Gebruik die regter klavierpedaal om luirende vibrasies wat 'n mistieke atmosfeer voorstel; te skep.
- Gebruik akkoorde wat parallel beweeg.
- Middelseksie beweeg na die pentatoniese toonleer.
- Konklusie gedeelte keer terug na die heeltoonleer.
- Geen sin van harmoniese resolusie aan die einde nie **(Enige 3)** (3)

**Antwoord: Neo-Klassisisme: Stravinsky – *The rite of Spring***

10.1 Programnotas oor die styl:

- Musiek genre gekenmerk deur emosionele beperking, balans en helderheid.
- Musikale vorme en stylistiese kenmerke van die 18de eeu was gebruik.
- Hierdie styl het gereageer teenoor Romantisme en Impressionisme.
- Komponiste het weg beweeg van programmusiek en groot orkeste. Hulle het nie-geprogrammeerde musiek en kamermusiek groepe verkies.
- Bevooroordeeld teenoor polifoniese teksture. Gekomponeerde fugas, concerti grossi, ens.
- Musiek was tonaal en maak gebruik van majeur en mineur toonlere.

**(Enige 2)** (2)

10.2 Programnotas oor die werk/e:

- Ballet
- Breek met konvensionele gebruik van reëlmatige frase strukture – skep onreëlmatige frases.
- Die werk beslaan primitivisme, maar is nie primitief nie.
- Ritme, harmonie en melodie word op baie hoë gevorderde vlak toegepas.
- Gebruik van dissonansie, perkussiewe orkestrasie, vinnig veranderende polsslae, sterk aksente en ostinato figure.

**(Enige 3)** (3)

**Antwoord: Musiekteater: *My Fair Lady, West Side Story, Phantom of the Opera***

10.1 Programnotas oor die styl:

- Musiekblyspel in twee tonele waarvan die 2de toneel korter is en die melodieë wat alreeds gehoor is terugkeer.
- 'n Verskeidenheid van style word gebruik insluitende eenvoudige harmonieë, melodieë en vorme.
- Bevat ook gesproke dialoog.
- Sluit in musiek, sang, dans, tonele en kostuums. **(Enige 2)** (2)

10.2 Programnotas oor die werk/e:

Merk relevante musiekblyspel soos deur leerder aangedui. **(Enige 3)**

**My Fair Lady:**

- Gebaseer op die toneelstuk *Pygmalion*.
- Vind plaas in 1912 Londen waar sosiale klasverskille duidelik sigbaar was.
- 'n Geleerde professor (Professor Higgins) wil bewys dat hy 'n uitstekende onderwyser is, en dat hy 'n arm blomme-meisie (Eliza) kan transformeer in 'n hoëklas dame.
- Die liedjie, *The Rain in Spain* wys die deurbraak wat die blomme-meisie gemaak het deurdat sy dit met korrekte uitspraak sing.
- Die liedjie is in die Habanera styl en 'n fandango dans is ingesluit. (3)

**West Side Story:**

- Kontemporêre weergawe van Shakespeare se *Romeo and Juliet* teen die agtergrond van die New Yorkse krotbuurte.
- Die storie behels die konflik tussen twee immigrante bendegroepe: die wat in Amerika gebore is, en die immigrante van Puerto Rico.
- Vergelykende met ander Broadway musiekblyspelle, het *West Side Story* baie meer komplekse en ongewone musiek. Voorbeelde van Vaudeville, Latyn-Amerikaanse ritmes, Bebop fugas en opera-lliedjies.
- Liedjies: *Tonight, Maria*, *I feel Pretty, Gee Officer Krupke, Cool.* (3)

**Phantom of the Opera:**

- Musiekblyspel gebaseer op ’n roman met dieselfde titel deur Gaston Leroux.
- Storie oor man met verminkte gesig wat onder in die opera huis in Parys bly.
- Hy is verlief op Christine Daaé, en terroriseer almal wat daar werk om sodoende haar te bemagtig om die leidende rolle te sing in die operas.
- Gekomponeer deur Andrew Lloyd Webber, komponis van vele welbekende musiekblyspele.
- Hoogsbetaalde vermaaklikheidsgeleentheid van alle tye.
- Liedjies: *Phantom of the Opera, The Angel of Music, Music of the Night.* (3)

**[5]**

**VRAAG 11**

Jy het EEN van die volgende populêre musiekstyle bestudeer. Noem die styl en antwoord dan die relevante vrae wat volg.

Heavy Metal

R&B Pop

Glam Rock

Brit Pop

Girl/Boy Bands

**Antwoord:** **Heavy Metal**
(Gekose populêre musiekstyl)

11.1 Noem EEN kunstenaar/groep wat relevant is tot jou stylkeuse.

**Metallica** ✓ (1)

11.2 Noem TWEE karaktereienskappe van hierdie styl.

- Skerp en harde/barre benadering tot musiek.
- Dik, swaar kitaar en rondom tromme gesentreerd.
- Hoogs elektrifiserende versteurde klanke.
- Vinnige kitaar/instrumentele solos.
- Uiterstes in volume, machismo en aanstellerigheid.
- Styl sluit in elemente van punk en Britse metal styl.
- Vinnige tempo’s.
- Komplekse verwerkings
- Sosiale en politiek-gelaaide lirieke. **(Enige 2)** (2)

11.3 Noem EEN relevante treffer/album.

- *Kill 'Em All*
- *Ride the Lightning*
- *Master of Puppets*
- *And Justice for All*
- *Metallica (The black album)*
- *Load*
- *Re-Load*
- *Garage Inc.*
- *Saint Anger*
- *Metallica, Nothing Else Matters*
- *No Life 'Till Leather* **(Enige 1)** (1)

**Antwoord:** **Rhythm and Blues**
(Gekose musiekstyl)

11.1 Noem EEN kunstenaar/groep relevant tot bogenoemde keuse.

**Michael Jackson** ✓ (1)

- Musiek bevat funky disko-pop.
- Smeulende soul.
- Sentimentele pop ballades.
- Oorspronklike dansbewegings. (robot, moonwalk).
- Hoë tenoor stem.
- Seksuele dinamika.
- Revolusionêre transformasie van musiekvideo's. (mini-fliek).
- Sluipende baspatrone, sweep-kraak afslag en multi-baan vokale lyne.
- Paradoksale vermenging van melodies en ewe gemaklik met kwellende en slegte. **(Enige 2)** (2)

Noem EEN relevante treffer/album

- *Off the Wall*
- *Thriller*
- *Bad*
- *Dangerous*
- *History*
- *Blood on the dance floor*
- *Invincible*
- *Billie Jean*
- *Don't stop 'til you get enough*
- *Beat it*
- *Say say say*
- *Bad*
- *The way you make me feel*
- *Man in the mirror*

- *Dirty Diana*
- *Black or white*
- *You are not alone*
- *Earth song* **(Enige 1)** (1)

**Antwoord:** **Glam Rock**
(Gekose musiekstyl)

11.1 Noem EEN kunstenaar/groep relevant tot bogenoemde keuse.

**David Bowie ✓** (1)

11.2 Noem TWEE karaktereienskappe van hierdie styl.

- Teatrale styl van rockmusiek.
- Wilde uitrustings
- Humoristiese element.
- Groot visuele impak (Mode neiging)
- Lirieke oor tiener revolusie.
- Seksualiteit, sensualiteit.
- Dekadensie
- Nuwe Romantiese beweging in teenstelling met Punk beweging.
- Musiek het harde rock kant met baie innovasies. **(Enige 2)** (2)

11.3 Noem EEN relevante treffer/album.

- *The Man who sold the World*
- *The rise and fall of Ziggy Stardust and the Spiders from Mars*
- *Diamond Dogs*
- *Low*
- *Scary Monsters*
- *Never let me Down*
- *Earthling*
- *Hours ...*
- *Heathen*
- *Reality*

**(Enige 1)** (1)

**Antwoord:** **Brit Pop**
(Gekose musiekstyl)

11.1 Noem EEN kunstenaar/groep relevant tot bogenoemde keuse.

**Oasis ✓** (1)

11.2 Noem TWEE karaktereienskappe van hierdie styl.

- Deel van tweede Britse fase (Britse pop fase) wat verskil van die sterk invloed van die Beatles, gedurende die 1ste fase.
- Eenvoudige – barre akkoorde, grondposisie basakkoorde.
- Basiese ritmes.
- Sonder fynigheid en kompleksiteit.
- Geamplifiseerde versteurde klanke.
- Neem lirieke en riffs van ander kunstenaars.
- Arrogansie. **(Enige 2)** (2)

11.3 Noem EEN relevante treffer/album.

- *Definitely Maybe*
- *Wonderwall*
- *Blur*
- *(What's the Story) Morning Glory*
- *Be Here Now*
- *Heathen Chemistry* **(Enige 1)** (1)

**Antwoord of Girl bands of Boy bands.**

**Antwoord:** **Girl/Boy Bands**
(Gekose musiekstyl)

11.1 Noem EEN kunstenaar/groep relevant tot jou keuse.

**Spice Girls ✓** (1)

11.2 Noem TWEE karaktereienskappe van hierdie styl.

- Opgewekte en aanmoedigende styl.
- Lewendige en energieke musiek.
- Liedjies oor feminisme.
- Maklik om saam te sing.
- Maklike beluistering, energiek en vars.
- Dans roetines.
- Beweeg weg van Britse pop na suiwer internasionale popmusiek idioom.
- Lirieke oor liefde, seks, en uitspraak oor sterk vriendskapsbande tussen vroue. **(Enige 2)** (2)

11.3 Noem EEN relevante treffer/album.

- *Spice, Say you'll be there*
- *Wannabe*
- *Mama*
- *Who do you think you are?*
- *Coast to Coast*
- *Together Girl Forever* **(Enige 1)** (1)

**OF**

11.1 Noem EEN kunstenaar/groep relevant tot jou keuse.

**Westlife ✓** (1)

11.2 Noem TWEE karaktereienskappe van hierdie styl.

- Maklik luisterbaar.
- Energiek en vars.
- Hulle genre van klank trek wye gehore.
- Musiekstyl is 'n vermenging van ballades en matige-tempo liedjies.
- Nou en dan vinnige tempo liedjies en die woorde van die liedjies is altyd passievol en onvergeetlik.
- Ryk harmoniese klanke en pragtige verwerkings.
- Dans roetines. **(Enige 2)** (2)

11.3 Noem EEN relevante treffer/album.

- *Swear it Again*
- *Flying without Wings*
- *My Love*
- *Mandy*
- *When you looking like that*
- *You Raise Me Up* **(Enige 1)** (1)

**[4]**

**VRAAG 12**

Skryf 'n breë verslag oor EEN van die volgende kunstenaars.

12.1 Mandoza

12.2 Lucky Dube

12.3 Steve Hofmeyr

Sluit in enige DRIE van die volgende riglyne in jou verslag. Elke onderwerp moet ten minste uit EEN feit bestaan.

- Biografie
- Prestasies
- Musiek karaktertrekke
- Album
- Bydrae tot Suid-Afrikaanse musiek.

**Antwoord: Mandoza**

Biografie:

- Gebore in Zola, suid van Soweto.
- Deel huis saam grootouers en twee susters.
- OP 16-jarige ouderdom tronk toe as gevolg van motordiefstal. Dien tronkstraf van een en halfjaar uit in Diepkloof tronk.
- Vorm groep *Chiskop* saam met ou skoolvriende na vrylating uit tronk.
- Sy talente eerste ontdek deur die Arthur Mafokate, bekend as koning van Kwaito.

**(Enige 1)** (1)

Prestasies:

- Stel topverkoper album vry, *9115 Zola South.*
- Verwerf 'n 2000 ENB Suid-Afrikaanse Musiek toekenning vir beste nuweling.
- Stel *Nkalakatha* vry in 2000 wat multi-platinum status bereik het.
- Mandoza wen in vyf van die tien kategorieë by die 2001 Metro Musiek toekennings; Beste Kwaito kunstenaar, Beste manlike stem, Beste album, Beste stylkunstenaar en liedjie van die jaar.
- 2001: Wen die Beste Kunstenaar – Suider-Afrika kategorie by die Kora Afrika Musiek toekennings.
- Vermag 77^ste^ posisie in die Top 100 Groot Suid-Afrikaners in 2004.

**(Enige 1)** (1)

Musiek karaktertrekke:

- Volgens Mandoza is die lewensstyl rondom hom die inspirasie vir sy gedigte en musiek.
- Hy veg voortdurend teen homself nadat hy aan drank en dwelms verslaaf was. Hierdie stryd kom in sy musiek na vore.

**(Enige 1)** (1)

Album:

- *Klaimer*
- *Nkalakatha*
- *Nkalakatha (The Boss Remixes)*
- *9115 Zola South*
- *Godoba*
- *Tornado*

- *S'gelekeqe*
- *Same Difference – with Danny K*
- *Phunyuka Bamphethe*
- *Ngalabesi*
- *Champion*

**(Enige 1)** (1)

Bydrae tot Suid-Afrikaanse musiek:

- Mandoza se musiek probeer om 'n meer konstruktiewe boodskap in Kwaito in te sit.
- Vermag 77ste posisie in die Top 100 Groot Suid-Afrikaners in 2004.

**(Enige 1)** (1)

**Antwoord:** **Lucky Dube**

(Gekose kunstenaar)

Biografie:

- Lucky Dube gebore te Ermelo, Mpumalanga (Oos-Transvaal)
- Gebore op 3 Augustus 1964.
- Ouers geskei voor sy geboorte, word deur moeder grootgemaak.
- Noem hom Lucky, omdat sy geboorte was as gelukkig na vele miskrame.
- Het twee ander bloedverwante gehad.
- Spandeer meeste van sy kinderjare by sy ouma (" sy grootste liefde").
- Tuinier as kind, maar besluit om later skool te gaan a.g.v. karige inkomste om sy familie te voed.
- Ontdek die Rastafari beweging.
- Sluit by nefie se orkes aan, The Love Brothers, wat Mbaqanga gespeel het.
- Begin om lirieke te skryf vir die orkes en leer ook Engels.
- Lucky probeer nuwe musiek genre, reggae, en word baie bekend.
- Word noodlottig gewond deur motorkapers in Johannesburg op 18 Oktober 2007. **(Enige 1)** (1)

Prestasies:

- Wen vier OKTV Toekennings vir *Prisoner*.
- Wen een OKTV Toekenning vir *Captured Live*.
- Wen twee OKTV Toekennings vir *House of Exile*.
- "Best Selling African Recording Artist" by Wêreld Musiektoekennings.
- "International Artist of the Year" by die Ghana Musiektoekennings.
- Drie albums het elk Suid-Afrikaanse toekennings ontvang by die Afrika Musiektoekennings.

**(Enige 1)** (1)

Musiek Karaktertrekke:

- Musiek en bevat roerende lirieke met melankoliese agtergrondstemme bo-oor swewende instrumentale klankkleure.
- Dube se sangstem is sag en dromerig en kan met dié van Peter Tosh vergelyk word.
- Gebruik die genre om sy protes uit te druk oor geestelik en politieke kwessies.
- Reggae styl

**(Enige 1)** (1)

Album:

- *Serious Reggae*
- *House of Exile*
- *Slave*
- *Prisoner*
- *Victims*
- *Trinity*
- *Captured Live*
- *Tax man*
- *The Way It Is*
- *The Rough Guide to Lucky Dube*
- *Soul Taker*
- *The Other Side*
- *Respect*
- *The Best of Lucky Dube*
- *Lucky Dube Live in Uganda*
- *Together As One*
- *Think About The Children*
- *Rasta Never Die*
- *Help My Krap*

**(Enige 1)** (1)

Bydrae tot Suid-Afrikaanse musiek:

- Word beskou as een van die mees befaamde ernstige reggae kunstenaars.
- Sy musiek het die Suid-Afrikaanse regering se optrede ernstig bevraagteken tydens die apartheid regime jare.
- Sy musiek het politieke bewustheid gekweek.
- Sy liedjies het die stem van die stemlose onderdruktes verteenwoordig.
- Sy liedjies het van die mense gepraat en hy wou hê dat almal moes saamleef as een.
- Internasionaal baie bekend. **(Enige 1)** (1)

**Antwoord:** **Steve Hofmeyr**

(Gekose kunstenaar)

Biografie:

- Gebore 29 Augustus 1964 in Pretoria.
- Matrikuleer in 1982 by Grey Kollege.
- Studeer aan Pretoria Technikon se Drama Skool nadat hy 19 jaar by die weermag was.

- Hy is 'n liedjieskrywer. (150 liedjies plaaslik en nasionaal deur andere)
- Toer en voer op in Nieu-Seeland, 2007.
- Tree op in verhoogstukke, films en televisie.
- Het drie boeke vrygestel tot op hede. **(Enige 1)** (1)

Prestasies:

- Tree toe tot internasionale musiek arena toe hy die duet, *You Don't Bring Me Flowers* opneem met Belgiese sangeres Dana Winner, vir sy album *True to You*.
- Sewe plate bereik goue status.
- Ontvang ook platinum toekennings. **(Enige 1)** (1)

Musiek Karaktertrekke:

- Bring huldeblyke aan populêre kontemporêre kunstenaars.
- Bring herlewing in ou tradisionele volksliedjies.
- Verskeie eie komposisies − Afrikaans en Engels
- Verskeidenheid van ballades en vinnige tempo liedjies.
- Kry inspirasie vir eie komposisies uit daaglikse lewenservaringe. **(Enige 1)** (1)

Album:

- *Beautiful Noise*
- *Decade of Steve Hofmeyr*
- *Desertbound*
- *Die Bok Kom Weer*
- *Die Treffers – The Hits*
- *Engele Om Ons*
- *Grootste Treffers Vol. 2*
- *Laurika Rauch en Steve Hofmeyr*
- *No Hero*
- *Only Me*
- *Southern Cross*
- *Steve*
- *Toeka*
- *Toeka 2*
- *Tribute*
- *Tribute Vol. 2*
- *True To You*
- *Grootste Platinum Treffers* **(Enige 1)** (1)

Bydrae tot Suid-Afrikaanse musiek:

- Komponeer 'Blou Bulle' liedjie – bydrae tot rugby kultuur.
- Beïnvloed jong kunstenaars met sy musiekstyl.
- Skep geleenthede vir kunstenaars om saam met hom op te tree. (Al Debbo het opgetree saam met hom in "Van Toeka tot Nou") **(Enige 1)** (1)

**[5]**

**VRAAG 13**

Kies EEN van die onderstaande koorwerke.

13.1 *Plea from Africa*

13.2 *Gabi, Gabi*

13.3 *Monna e motenya*

Verbind die stelling wat van toepassing is op jou gekose koorwerk deur slegs die ooreenstemmende letter neer te skryf soos aangedui in die spasie hieronder.

A Roep en antwoord

B Parallelle beweging van stemme

C Gekomponeer deur J. K. Bokwe

D Lofgedig

E Volksliedjie

F Teks bestaan uit vier lyne

G Toonsoort is F Majeur

H Gekomponeer deur B. Gcisa

I Woorde geskryf deur 'n dame van Glasgow

J Verwerk deur William C. Powell

K Vers en koor

L Toonsoort is G Majeur

M Met instrumentale begeleiding

N Repetisie

**Antwoord:** ***Plea For Africa***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **C** | **G** | **I** | **K** | **M** |

(5)

**Antwoord:** *Gabi, Gabi*

**(Enige VYF)**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **A** | **D** | **F** | **J** | **L** | **N** |

(5)

**Antwoord:** *Monna e montenya*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **B** | **E** | **G** | **H** | **N** |

(5)
**[5]**

**VRAAG 14**

Jy het onlangs 'n plaaslike konsert bygewoon van EEN van die volgende Suid-Afrikaanse musiekstyle gelys hieronder. Skryf 'n kort e-pos aan jou vriend waarin jy die konsert bespreek. Sluit die volgende besprekingspunte in:

- Wie het die musiek opgevoer? (1)
- Hoekom het hulle die musiek opgevoer? (1)
- Karaktereienskappe van die musiek. (1)

14.1 Kwaito

14.2 Musiek vir sosiale-en kultuurgeleenthede.

14.3 Moppies en Goemma liedjies

**Antwoord:** **Kwaito**
(Gekose musiekstyl)

Wie? Manne oor die algemeen.✓ (1)

Hoekom? Swart Suid-Afrikaanse jeug van die post-apartheid era. ✓ (1)

<u>Karaktertrekke</u>:

- Musiek gebaseer op 'house music'.
- Stadige tempo's.
- Perkussief.
- Tipiese Afrika elemente – repetisie.
- Die musiek bevat diep baslyne en dikwels "sang" (gewoonlik manlik) wat geskreeu of gesing-praat word, eerder as gesing of "gerap" word.

- Die lirieke is gewoonlik in plaaslike Suid-Afrikaanse tale, meer as een taal kan egter in dieselfde liedjie voorkom.
- Die taal van die kwaito is dus Isicamtho, Suid-Afrikaanse township-sleng ("slang"). Isicamtho is 'n moderne weergawe van tsotsi-taal. **(Enige 1)** (1)

**Antwoord:** **Musiek vir sosiale-en kultuur geleenthede**

(Gekose musiekstyl)

Wie? Alle mense van sekere gemeenskappe neem deel in alledaagse musiekaktiwiteite. ✓ (1)

Hoekom?

- In Afrika is musiek deel van mense se alledaagse lewe.
- Dit is deel van die godsdienstige seremonies, feestelikhede en sosiale rituele.
- Liedere word gebruik vir elke fase van die mens se lewe: by geboorte, by die aanbreek van die tienerjare, by huwelike en tydens sterftes en begrafnisse.
- Ook tydens jagtogte, die oppas van beeste en tydens gewone plaaswerk is musiek teenwoordig.
- Liedere word ook gebruik om siektes te genees, reën te bring, vir politieke doeleindes en godsdienstige danse.
- Daar is selfs mense wat glo dat daar met musiek met die voorvadergeeste gekommunikeer kan word.

**(Enige 1)** (1)

Karaktertrekke:

- Tipiese eienskappe van Afrika-musiek is kort eenvoudige melodieë. Afrika-mense gebruik kort gedeeltes van melodieë wat hulle oor en oor gebruik en sangers en instrumentaliste mag dit verander na goeddunke.
- Tydens uitvoerings van die musiek kan enige persoon begin improviseer op die melodie terwyl die ander gewoon aangaan.
- Dit gebeur dikwels op hierdie manier dat daar baie verskillende melodieë tegelykertyd klink.
- Word meestal beoefen deur plaaslike kulture.

**(Enige 1)** (1)

**Antwoord:** **Moppies en Goemaliedjies**

(Gekose musiekstyl)

Wie? Deur Maleierkore wat welbekend is vir hul uitvoerings liedjies. ✓ **(Enige 1)** (1)

Hoekom?

- Hierdie hoofsaaklik Afrikaanse liedjies is bedoel om 'n sosiale byeenkoms 'n bietjie kleur te gee.
- Die tradisionele vieringe rondom Nuwe Jaar het ontstaan uit die tradisie van moppies en goemaliedies.

**(Enige 1)** (1)

Karaktertrekke

- Moppies en goemaliedjies word met dansbeweging en met goemadrom, banjo en ghitaar begelei.
- Spore van ander kulture is in die liedere aanwesig.
- Vermenging van die Khoi-Khoi wat reeds in die Kaap gewoon het voor van Riebeeck geland het, die slawe van Afrika, Indonesië, Indië en Madagaskar het almal hul deel bygedra tot die styl en inhoud van die liedere.
- Die inhoud van die teks is gewoonlik lighartig en snaaks.
- Daar is tog voorbeelde van liedere wat politieke inhoud het en wat tydens apartheid gesing is om hul teenkanting met die sisteem uit te druk.

**(Enige 1)** (1)
**[3]**

**VRAAG 15**

Jy het EEN van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste bestudeer.

A Mzilikazi Khumalo

B S J Khosa

C Niel van der Watt

Dui aan of die volgende stellinge WAAR of ONWAAR is met betrekking tot jou gekose komponis.

**Antwoord:** **Mzilikazi Khumalo**
(Gekose komponis)

15.1 Komponeer *Kwadedangendlale*.

**Antwoord: Waar✓** (1)

15.2 Komponeer vir kore.

**Antwoord: Waar✓** (1)

15.3 Komponeer *Missa de Meridiana Terra.*

**Antwoord: Onwaar ✓** (1)

15.4 Gebruik kennis van Afrika-musiek in sy komposisies.

**Antwoord: Waar✓** (1)

15.5 Komponeer *Famban' Kahle*.

**Antwoord: Onwaar ✓** (1)
**[5]**

**OF**

**Antwoord: S.J Khosa**
(Gekose komponis)

15.1 Komponeer *Kwadedangendlale*.

**Antwoord: Onwaar✓** (1)

15.2 Komponeer vir kore.

**Antwoord: Waar✓** (1)

15.3 Komponeer *Missa de Meridiana Terra*.

**Antwoord: Onwaar ✓** (1)

15.4 Gebruik kennis van Afrika-musiek in sy komposisies.

**Antwoord: Waar✓** (1)

15.5 Komponeer *Famban' Kahle*.

**Antwoord: Waar ✓** (1)

**OF**

**Antwoord: Niel van der Watt**
(Gekose komponis)

15.1 Komponeer *Kwadedangendlale*.

**Antwoord: Onwaar✓** (1)

15.2 Komponeer vir kore.

**Antwoord: Waar✓** (1)

15.3 Komponeer *Missa de Meridiana Terra*.

**Antwoord: Waar ✓** (1)

15.4 Gebruik kennis van Afrika-musiek in sy komposisies.

**Antwoord:** **Waar✓** (1)

15.5 Komponeer *Famban' Kahle*.

**Antwoord:** **Onwaar** (1)
**[5]**

**VRAAG 16**

Jou vriend is besig om 'n welbekende komponis te word en sy werke word gereeld opgevoer, maar sy werke is nie by SAMRO geregistreer nie.

Verskaf redes aan hom waarom dit belangrik is om sy werke by SAMRO te registreer.

**Antwoord:**

- Registrasie met SAMRO verseker dat die kunstenaar nooit beheer verloor oor sy/haar komposisies nie.
- Hulle sal die toepaslike erkenning kry vir hul werke.
- SAMRO wil verseker dat lede hul tantieme ontvang vir hul komposisies.
- SAMRO sal die betaling van tantieme behartig wanneer sy werke uitgevoer word.
- Hulle sal ook sy pensioen administreer wat hy sal akkumuleer oor die jare heen.

**[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

**TOTAAL: 120**